LAERSKOOL PARK

044-691 1020\1 Faks. 044-691 2046 Kaapweg 49
E-Pos parklaerskool@gmail.com Posbus 96
Webblad www.laerskoolpark.co.za MOSSELBAAI
Prinsipaal D.F. du Toit 6500

15 Januarie 2020

Omsendbrief 1/2020

Geagte Ouers

Welkom terug na ‘n lekker lang Desembervakansie. Ek vertrou dat u die rustyd terdeë geniet het. 'n Baie voorspoedige 2020 word u toegewens. Dit is die jaar van die Olimpiese Spele en daarom glo ek dat dit ons ook inspireer tot groot hoogtes in 2020.

LEERDERS
Baie welkom terug aan al ons leerders. Ek vertrou dat 2020 ook vir julle 'n besonderse mooi jaar met nuwe hoogtepunte sal wees. ‘n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe leerders by Laerskool Park. Ons vertrou dat julle gou julle voete sal vind en gelukkig sal wees as ‘n Parkie.

OUERS
Ons verwelkom graag al ons nuwe ouers. Ons is dankbaar dat u Laerskool Park gekies het as die skool vir u kind. Ons vertrou dat u spoedig tuis sal wees in ons ouergemeenskap en dat u ook u kragte sal inspan by al die skool se bedrywighede.

PERSONEEL
Baie sterkte aan die personeel van Laerskool Park vir ‘n nuwe uitdagende, maar tog opwindende jaar. Ons vertrou dat die ratte goed geolie is en dat dit ‘n jaar vol hoogtepunte gaan oplewer. Mag ons uitsonderlike hoogtes op alle terreine bereik. Ons tema vir die jaar is: **“Write your own story”.** Mag elkeen sy eie unieke en spesiale storie skryf in hierdie jaar.

Ons verwelkom graag vir mnr Tiaan van den Bergh in Graad 7, mej Hancke-Mari Cronje in Graad 5 asook Danelle Human wat as klasassistent haar loopbaan gaan begin. Ons vertrou dat die nuwe personeel gou hul voete sal vind en diep spore gaan trap by Laerskool Park.

PRETSTAP

Een van Laerskool Park se grootste fondsinsamelingsprojekte is die jaarlikse Pretstap. Leerders van 2019 het reeds met die uitdeel van die rapporte op 4 Desember 2019, twee kaartjieboekies ontvang bestaande uit 10 kaartjies elk om te verkoop. Fantastiese pryse is weer eens te wen (dubbeldeuryskas, platskerm-televisie, mikrogolf-pakket, ens.). Die trekking van die pryse vind plaas op Saterdag, 7 Maart 2020, tydens die Pretstap.

Lootjiekaartjies kan gekoop word teen R25 ‘n kaartjie om ‘n kans te staan om hierdie fantastiese pryse te WEN. Die fondse wat gegenereer word, word onder andere aangewend vir verbetering van die skool se fasiliteite asook om die tekorte in die skoolfonds aan te vul.

Daar is heerlike pryse op die spel vir die leerders wat die meeste geld insamel. Daar sal ook ‘n kontantprys gegee word aan die leerder wat die meeste geld in sy/haar graad insamel. Die klas wat die meeste geld insamel, word ook beloon.

OUERAANDE

Ons wil u aandag daarop vestig dat dié oueraande baie belangrik is en dat alle ouers verplig word om dit by te woon aangesien belangrike inligting vir die jaar deurgegee word. Presensielyste gaan gehou word van alle ouers teenwoordig.

Woensdag	**-**	**22 Januarie 2020**	**Senior Primêr**	**18:00**
Donderdag	**-**	**23 Januarie 2020**	**Grondslagfase, Graad R en RR**	**18:00**

Almal vergader eers in die saal vir enkele belangrike sake. Daarna verdaag ons in graadgroepe waar die klasonderwysers u sal toespreek.

ASSESSERINGPROGRAM

Aangeheg vind u die assesseringprogram vir Graad 4 -7 vir die eerste kwartaal. Bestudeer dit asseblief noukeurig sodat u op hoogte kan wees van die toetse en assesseringstake wat in hierdie kwartaal afgehandel moet word.

SKOOLTYE - 2020

SKOOLURE				
Graadgroep	**GR R**	**GR1**	**GR 2 & 3**	**GR 4 - 7**
Maandag tot Vrydag	07:30 tot 12:15	07:30 tot 13:00	07:30 tot 13:30	07:30 tot 14:00

ATLETIEK

Ons huissport-byeenkoms gaan weer oor twee dae geskied. Op Vrydag, 24 Januarie 2020, gaan die 0/8 en 0/9 langafstande en veldnommers van alle ander ouderdomsgroepe in skooltyd by die **skool** afgehandel word. Hiermee wil ons elke leerder 'n billike kans gun om te kan presteer in die onderskeie afdelings.

Op Saterdag, 25 Januarie 2020, vind die hekkies- en baannommers by die Van Riebeeck Stadion plaas.

Die Tunas, Marlyne en Dolfyne (0/9 – 0/13) sal vanaf Donderdag, 16 Januarie 2020, in spanverband oefen.
(Alhoewel alle grade in skooltyd geleentheid kry vir oefening, word veldnommers, hekkies en aflosse in die middag geoefen.)

Baie belangrik : Graad 1 – 3 se oefeninge word in skooltyd afgehandel.

Alle leerders vanaf **Graad 1 tot 3** trek eerskomende Donderdag, 16 Januarie tot Vrydag, 24 Januarie, L.O-klere skool toe aan. Leerders vanaf **Graad 4 tot 7** trek eerskomende Donderdag, Vrydag en Maansdag L.O-klere skool toe aan. Dit moet die korrekte L.O.-drag wees.

Middagoefentye is as volg vir 0/10 tot 0/13:

Donderdag: 16 Januarie	Tunas Dolfyne Marlyne	14:15 – 15:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15
Maandag: 20 Januarie	Marlyne Tunas Dolfyne	14:15 – 15:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15
Dinsdag: 21 Januarie	Dolfyne Marlyne Tunas	14:15 – 15:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15
Woensdag: 22 Januarie	Tunas Dolfyne Marlyne	14:15 – 15:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15

SWEMOEFENINGE VANAF 27 JANUARIE 2020

Ouderdomsgroep	**Maandae**	**Woensdae**
Graad 4 – 7	**14:15 – 15:00**	**14:15 – 15:00**
Graad 1 – 3	**15:00 – 15:45**	**15:00 – 15:45**
Swemspan – Grondslagfase	**15:45 – 16:15**	**15:45 – 16:15**
Swemspan – Gevorderd	**16:15 - 17:00**	**16:15 - 17:00**

SKOOLFONDS

Skoolgelde van graad RR en R beloop vanjaar R9200-00 per leerling. Dit beloop R2300.00 per kwartaal of R920-00 per maand oor 10 maande. Die deposito wat u in 2019 betaal het, word aangewend vir u Januarie paaiement.

Skoolgelde van graad 1-7 beloop vanjaar R9000-00 per leerling. Dit beloop R2250 per kwartaal of R900-00 per maand oor 10 maande.

Gr. RR- en Gr. R-gelde is streng vooruitbetaalbaar. **Geen vrystelling vir Graad RR- en R-skoolgeld nie**. **Skoolbywoning sal opgeskort word indien u 30 dae agterstallig is.**

U kwalilfiseer vir 5 % korting indien u u kind se skoolfonds betaal voor **29 Februarie 2020**.

Vir u gerief beskik die skool oor ‘n debietorderstelsel asook krediet- en debietfasiliteite. Debietorderkontrakte moet **jaarliks hernu** word. Ons doen ‘n dringende beroep op u om van ons debietorderstelsel gebruik te maak. Ons wil dit graag deur die hele skool infaseer. Indien u van elektroniese betaalstelsels gebruik maak, moet die **kind se naam en klas** as verwysing aangedui word.

Aansoekvorms vir die vrystelling van skoolfonds is by die kantoor beskikbaar. Kwalifisering is nie outomaties indien u voorheen kwytskelding ontvang het nie. **U moet aansoek doen vir 2020 om te kwalifiseer. Volledig** voltooide vorms moet voor of op **14 Februarie 2020** ingehandig word. **Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.**

Stiptelike betalings en vroegtydige reëlings sal verseker dat daar nie aan die einde van die jaar agterstallige gelde is wat probleme veroorsaak nie.

SKOOLKWARTALE 2020

SKOOLKWARTALE 2020				VAKANSIEDAE TYDENS SKOOLDAE VIR 2020			
Eerste Kwartaal	15-Jan.	-	20-Mrt.				
Tweede Kwartaal	31-Mrt.	-	12-Jun.	10 Apr. Goeie Vrydag **(VR)**	13 Apr. Gesinsdag **(MA)**	27 Apr. Vryheidsdag **(MA)**	01 Mei. Werkersdag **(VR)**
Derde Kwartaal	07-Jul.	-	18-Sept.	10 Aug. Vakansiedag **(MA)**			
Vierde Kwartaal	29-Sept.	-	02-Des.				

AWSUM APP

Die skool is voortdurend besig om doeltreffende kommunikasie kanale te skep en te verbeter. Die Awsum App is dan ook geloods waar u alle inligting, nuusbriewe, sms’e en facebook op een platvorm kan bereik. U kan die applikasie aflaai vanaf die “app store” op u foon vir toekomstige kommunikasie vanaf die skool

AFHAAL VAN VROEë VERLATERS VAN SKOOL

Volgens departementele beleid moet daar register gehou word van vroeë verlaters van skool. Ons wil u dus aanraai om nie mediese afsprake tydens akademiese tyd te maak nie. (Slegs met uitsonderlike gevalle sal leerders met die nodige toestemming by ontvangs uitgeteken word.)

Geen ouer word in die gange toegelaat nie, tensy u vergesel word deur ’n onderwyser.

Groete van skool tot huis

_____

D.F. DU TOIT
SKOOLHOOF